**MEDIA RELEASE**

**FOR IMMEDIATE RELEASE** 22 June 2026

# Livestock returns to NAMPO ALFA 2026

Livestock farmers, breeders, agricultural producers and role players in the agricultural sector can look forward to the return of livestock at **NAMPO ALFA 2026**, which will take place on **2 and 3 October 2026** at **NAMPO Park**.

This announcement is important for breeders and exhibitors, as the preparation of show animals requires months of preparation. NAMPO ALFA will be the first event in 2026 to announce that livestock will be exhibited at the event. Producers, breeders and farmers can therefore look forward to seeing animals at this event and participating in the various projects presented at NAMPO ALFA.

NAMPO ALFA, South Africa's leading platform for livestock, hunting, outdoor living and agricultural skills, has, like many other agricultural events, been affected in recent years by the impact of Covid-19 and foot-and-mouth disease outbreaks. As a result, the exhibition of cloven-hoofed animals at agricultural events has been severely restricted.

The organisers of NAMPO ALFA 2026 are pleased to announce that plans are in place to once again accommodate livestock at this year's event, subject to the applicable biosecurity measures and the protocol that will apply to the event.

According to Dr Danie Odendaal, who drafted the first biosecurity protocol for livestock events in 2018, improved access to vaccines and the progress made with vaccinations make it possible to move forward responsibly.

> "The principle remains that only animals that comply with the applicable health and biosecurity requirements will be allowed at the event. The aim is to make participation possible, while still prioritising the safety of animals and the broader industry," says Odendaal.

Dr Dirk Strydom, Managing Director of NAMPO, emphasises that the decision is being taken with great responsibility.

> "The safety of animals, exhibitors and visitors remains a priority for us. NAMPO ALFA is an important platform for the livestock industry, but it must be presented in a responsible manner. For this reason, normal biosecurity measures will continue to be strictly applied, and further details on the protocol will be shared with participants as it is finalised," says Strydom.

According to Lizette Vermaak, co-organiser of the livestock programme at NAMPO ALFA, the announcement means that societies and breeders can now start planning with greater certainty.

> "This announcement gives breeders the opportunity to prepare their animals in time and gives societies the opportunity to fully utilise their exhibition spaces. It is an important step for the livestock industry and for everyone looking forward to seeing animals at NAMPO ALFA again," says Vermaak.

Albert Loubser adds that visitors can look forward to a comprehensive livestock programme with several highlights.

The programme will include, among others, the **Old Mutual National Interbreed Championships**, the **National Interbreed Association's programme**, the **Voermol Mega Ox**, as well as the livestock section of the **Farm Skills National Agricultural Schools Programme**. An exciting small stock and large stock programme is also being planned, including breed introductions for farmers and judges, as well as a herd evaluation by Pikkie Uys.

In addition to the livestock programme, NAMPO ALFA 2026 will also offer a broader family and agricultural programme, including an Afrikaans music festival, **Afrikaans @ NAMPO ALFA**, camping opportunities for visitors, and **Landbouweekblad**'s **"Vir die Boer" programme**. A day of prayer and gospel festival is also planned on the grounds on the Sunday after NAMPO ALFA.

The full programme and further details will soon be available at **www.nampoalfa.co.za**.

**Ends**

**Issued by:** Grain SA & ALFA

**Further enquiries:**
Alzena Gomes, Media – 082 463 4356
Bennie Zaayman, Grain SA NAMPO for expo & exhibition space - 081 414 8099
Albert Loubser, ALFA for livestock programme - 082 562 2188
Lizette Vermaak, ALFA for livestock programme - 082 412 2868

www.nampoalfa.co.za

MEDIAVERKLARING

**VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING** 22 Junie 2026

# Lewende hawe keer terug na NAMPO ALFA 2026

**Lewende hawe keer terug na NAMPO ALFA 2026**

Veeboere, telers, landbouers en rolspelers in die landboubedryf kan uitsien na die terugkeer van lewende hawe by **NAMPO ALFA 2026**, wat op **2 en 3 Oktober 2026** op **NAMPO Park** aangebied word.

Dié aankondiging is belangrik vir telers en uitstallers, aangesien die voorbereiding van skoudiere maande se voorbereiding verg. NAMPO ALFA sal die eerste geleentheid in 2026 wat aankondig dat lewendehawe by die geleentheid uitgestal sal word. Produsente, telers en landbouers kan dus uitsien om diere by hierdie geleentheid te sien en deelneem aan die verskillende projekte wat by NAMPO ALFA aangebied word.

NAMPO ALFA, Suid-Afrika se voorste platform vir lewende hawe, jag, buitelewe en landbouvaardighede, het die afgelope paar jaar, soos talle ander landbougeleenthede, onder die impak van Covid-19 en bek-en-klouseer-uitbrekings gebuk gegaan. Die uitstalling van gespletehoefdiere by landbougeleenthede is gevolglik ernstig beperk.

Die organiseerders van NAMPO ALFA 2026 is egter verheug om aan te kondig dat daar beplan word om weer lewende hawe by vanjaar se geleentheid te akkommodeer, onderhewig aan toepaslike biosekuriteitsmaatreëls en die protokol wat vir die geleentheid sal geld.

Volgens dr. Danie Odendaal, wat in 2018 die eerste biosekuriteitsprotokol vir lewendehawegeleenthede opgestel het, maak verbeterde toegang tot entstof en die vordering met inentings dit moontlik om verantwoordelik vorentoe te beweeg.

> "Die beginsel bly dat slegs diere wat aan die toepaslike gesondheids- en biosekuriteitsvereistes voldoen, by die geleentheid toegelaat sal word. Die doel is om deelname moontlik te maak, maar steeds die veiligheid van diere en die groter bedryf voorop te stel," sê Odendaal.

Dr. Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO, benadruk dat die besluit met groot verantwoordelikheid geneem word.

> "Die veiligheid van diere, uitstallers en besoekers bly vir ons 'n prioriteit. NAMPO ALFA is 'n belangrike platform vir die lewendehawebedryf, maar dit moet op 'n verantwoordelike wyse aangebied word. Daarom sal normale biosekuriteitsmaatreëls steeds streng toegepas word, en verdere besonderhede oor die protokol sal met deelnemers gedeel word namate dit gefinaliseer word," sê Strydom.

Volgens Lizette Vermaak, mede-organiseerder van die veeprogram by NAMPO ALFA, beteken die aankondiging dat genootskappe en telers nou met groter sekerheid kan begin beplan.

> "Hierdie aankondiging gee telers die geleentheid om hul diere betyds voor te berei en gee genootskappe die geleentheid om hul uitstalruimtes ten volle te benut. Dit is 'n belangrike

stap vir die lewendehawebedryf en vir almal wat daarna uitsien om weer diere by NAMPO ALFA te sien," sê Vermaak.

Albert Loubser voeg by dat besoekers kan uitsien na 'n omvattende lewendehaweprogram wat verskeie hoogtepunte insluit.

Die program sal onder meer die **Old Mutual Nasionale Interras Kampioenskappe**, die **Nasionale Interras Vereniging se program**, die **Voermol Mega-os**, asook die lewendehawe-afdeling van die **Farm Skills Nasionale Landbouskoleprogram** insluit. Daar word ook beplan vir 'n opwindende kleinvee- en grootveeprogram, rasbekendstellings aan boere en beoordelaars, asook 'n kudde-evaluering deur Pikkie Uys.

Benewens die lewendehaweprogram sal NAMPO ALFA 2026 ook 'n wyer gesins- en landbouprogram aanbied, waaronder 'n Afrikaanse musiekfees, **Afrikaans @ NAMPO ALFA**, kampgeleenthede vir besoekers, en **Landbouweekblad** se **"Vir die Boer"-program**. Die Sondag ná NAMPO ALFA word daar ook 'n biddag en gospelfees op die terrein beplan.

Die volledige program en verdere besonderhede sal binnekort op **www.nampoalfa.com** beskikbaar wees.

**Einde**

**Uitgereik deur:** Graan SA & ALFA

**Verdere navrae:**
Alzena Gomes, Media – 082 463 4356
Bennie Zaayman, GSA NAMPO vir ekspo & uitstallers - 081 414 8099
Albert Loubser, ALFA vir lewendehawe program - 082 562 2188
Lizette Vermaak, ALFA vir lewendehawe program - 082 412 2868